

**15 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 10:1-11:1**

**Fokusgedeelte: Daniël 10:12-13; 10:20-11:1**

### **Wat doen die engele?**

Daniël was een van die bevoorregtes om direk met engele te doen te kry. Engele is geestelike wesens wat God in sy diens gebruik en uitstuur (Heb 1:14). Engele is ook betrokke by die groot stryd wat vir ons onsigbaar is. Toe Bileam byvoorbeeld deur Balak gehuur is om die volk Israel te vervloek, het God 'n engel gestuur om dié bese aanslag te stuit (Num 22). Daniël ondervind nou ook hoe engele betrokke is by die groot stryd in die geskiedenis. Daniël 8:16 en 9:21 verwys na van die optredes van Gabriël en 10:5-6 verwys na nog 'n besondere hemelse wese. Vers 13 verwys na Migael maar ook na die engel van Persië, terwyl vers 20 na die engel van Persië en die engel van Griekeland verwys.

Hoewel ons nie baie in verband met die engele weet nie (omdat dit ons nie aangaan nie) leer Daniël 10 ons iets van die stryd waarvan Efesiërs 6:12 ook praat. Ons mag weet dat die stryd in die geesteswêreld tog in vaste hande is en dat God te midde van alle aanslae die wêreldgeskiedenis volgens sy raadsplan beskik. Openbaring 12 vertel nog meer van die engelestryd en die heerlike uitslag van die stryd. Daarom moet ons weet dat ons stryd op aarde inderdaad nie net teen vlees en bloed is nie. Ons moet ons geestelik versterk met die geestelike wapens uit God se wonderlike wapenarsenaal (Ef 6:10-20).

*Sing: Skrifberyming 12:1,2*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*